

### **Sing vooraf staande: Psalm 119:53, 54 (p. 597)**

- 53 Tot U roep ek; HEER, verhoor my, / en verlos my, maak my trou,  
dat ek u getuienisse / heel my lewe lank kan hou.  
Op u woord steun my verwagting: / smôrens by die eerste lig  
is my oë en my hande / en my stem tot U gerig.
- 54 Diep nog in die stille nagte / as ek niemand wakker hoor,  
bring ek my u woord te binne / en bepeins dit oor en oor.  
Hoor genadig, wek my lewe / na u heil'ge ordening;  
want die snode wetsveragters / kom al nader aangedring.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.  
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die  
kragtige werking van God die Heilige Gees.

### **Amen.**

### Lofpsalm 146:1, 8 (p. 700)

- 1 Prys die HEER met blye galme, / o my siel, daar 's ryke stof!  
'k Sal, solank ek leef, my psalme / vrolik toewy aan sy lof  
en Hom, wat sy guns my bied, / altyd groot maak in my lied.
- 8 Dis die God der leërmagte, / troue Bondsgod van weleer,  
God van wordende geslagte, / tot in ewigheid die Heer.  
Sion, sing die God ter eer, / prys sy grootheid, loof die Heer!

### Geloofsbelydenis: Apostolicum

#### Wet

#### Skrifberyming 9-1:1, 10, 11 (26:1, 10, 11)

- 1 My siel herdink met sidderbewe / hoe God, met majesteit beklee,  
deur wolke en donkerheid omsweve, / sy wet op Horeb het gegee:
- 10 Daar mag nooit in jou hart meer kom nie / die minste lus teen Gods gebod.  
Maar wie se mond sal nie verstom nie / as U beveel, o heil'ge God!
- 11 Ons het, o HEER, u wet weerstrewe, / genade is al waar ons op pleit;  
gee ons in Christus nuwe lewe, / om dit te doen uit dankbaarheid.

#### Gebed

#### Psalm 1:1, 2 (p. 1)

- 1 Welsalig hy wat op die spoor nie gaan / waar sondaars lok; wat op hul pad nie staan,  
of neersit waar die spotglans in die oog is, / waar spotters vrolik spot met al wat hoog is;  
maar wat Gods wet in stille mymering, / by dag en nag, weer in gedagt'nis bring.
- 2 Hy is 'n boom wat diep en vas geplant, / sy wortels uitsprei by die waterkant;  
en mild versorg deur vrugb're lentelugte, / sy volle drag laat sien van somervrugte.  
Geen onspoed wat hom in sy werk sal stuit: / wat hy begin, voer hy voorspoedig uit.

### **Skriflesing: Eksodus 4:18-31**

### **Kernverse: Eksodus 4:24-26**

**Waar Moses-hulle langs die pad oornag het, het die Here by hom gekom en wou Hy vir Moses doodmaak. Sippora vat toe 'n klipmes, sny haar seun se voorhuid af, raak daarmee aan Moses se voete en sê: "Jy is nou my bruidegom wat deur bloed beskerm word." Die Here het Moses met rus gelaat net toe sy sê: "bruidegom wat deur bloed beskerm word." Dit het betrekking op die besnydenis. (Eksodus 4:24-26 AFR83)**

**Tema:** Ons gehoorsaam die Here ... die meeste van die tyd of altyd?

Geliefde broers, susters en kinders van ons Here Jesus Christus, vir ons gelowiges, wat gereeld en aandagtig Bybelstudie doen, is dit maklik om die groot en duidelike lyne van die Here se werk vir mense te vertel. Ons weet van die skepping, Abraham, Moses, die uittoeg uit Egipte. Ons kan maklik die groot momente dwarsdeur die Ou Testament tot in die Nuwe Testament oorvertel. Gelowiges wat vertrou is met die Woord van die Here en in wie die Heilige Gees werk, kan van Jesus en sy heerlike verlossingswerk vertel.

Dit is egter nie net hierdie groot en duidelike lyne in die Bybel wat vir ons die Woord van God is nie. Die hele Bybel is die Woord van God waarin Hy vir ons van Homself vertel sodat ons Hom nog beter sal leer ken. Dus is ook die klein gedeeltes in die Bybel, soos hierdie drie kernverse van vanoggend, die Woord van die Here waarin ons die Here, onself en Jesus Christus leer ken.

In die meeste gevalle is dit hierdie klein gedeeltes in die Bybel wat ons tot stilstand bring. So maklik lees ons vinnig daaroorheen, want ons wil graag weet wat verder gebeur het. Maar wanneer die Heilige Gees ons oë oopmaak om die klein gedeeltes van nader te bekyk, sien ons hoe ontsagwekkend ons Here werklik is; sien ons ook raak dat 'n mens nie maar traak-my-nieagtig in jou verhouding met die Here kan wees nie; sien ons raak dat niemand van ons selfvoldaan kan raak omdat ons in diens van die Here is nie.

Toe Moses veertig jaar oud was, moes hy uit Egipte vlug omdat hy een van Egiptiese slawedrywers wat 'n Jood mishandel het, doodgeslaan het. Hy het na Midian gevlug waar hy die priester Jetro en sy sewe dogters leer ken het. Later is Moses met Sippora, een van Jetro se dogters getroud. En ons weet dat Moses twee seuns by Sippora gehad het, Gersom en Eliëser. Vir veertig jaar lank het Moses Jetro se kleinvee opgepas. Dit was na hierdie veertig jaar, toe Moses self tagtig jaar oud was, dat die Here Homself op die berg Horeb in 'n brandende bos aan Moses geopenbaar het.

Die Here het aan Moses die uiters belangrike opdrag gegee om die volk van die Here uit Egipte uit te lei. Aanvanklik het Moses 'n hele klomp verskonings gehad waarom hy dit nie kon doen nie. Maar die Here het elkeen van sy verskonings afgeskiet, en uiteindelik het Moses beseef dat hy nie hierdie opdrag kon ontduik nie.

Geliefdes, ons ontmoet Moses in ons Skrifgedeelte waar hy verlof by sy skoonpa gaan vra om na Egipte toe terug te gaan, maar hy sê nie vir Jetro wat die Here wil hê hy moet gaan doen nie. Dit is nie eers duidelik of hy vir Sippora gesê het waarom hy na Egipte wou gaan nie. Dit is moontlik dat die opdrag van die Here nog te ongelooflik geklink het – wie is hy wat Moses is tog om so 'n groot taak te onderneem. En nou sien ons dat die Here mense nie net bekwaam maak vir diens aan Hom nie, Hy maak hulle ook gewillig. In die tyd wat Moses gereedgemaak het om na Egipte toe te gaan, het die Here hom nog twee keer verseker dat hy deur Hom uitverkies en voorberei is vir hierdie groot, belangrike opdrag. So het die Heilige Gees vir Moses gewillig en bereid gemaak vir die opdrag wat hy moes gaan uitvoer. Moses moet met die farao, die koning van Egipte, gaan praat; hy moet wonders voor die oë van die farao gaan doen en uiteindelik die volk van die Here uit Egipte uitlei na die beloofde land toe.

Broers, susters en kinders, ons moet asseblief nooit dink dit is net mense wat uitstaan in die gemeenskap, mense soos Moses, wat alleen belangrike opdragte van die Here kry nie. Elke liewe kind van die Here is deur die Here uitverkies en bekwaam gemaak om in diens van Hom te werk. Of dit nou is om kinders in die vrees van die Here groot te maak, of dit is

om te preek of huisbesoeke te doen, maak nie saak nie. Waar elkeen van ons ook al daaglik werk, ons is daar in diens van die Here om belangrike werk te doen. Jou en my werkie, hoe klein en onbenullig dit miskien in ons eie oë lyk, is belangrik, want daardeur is die Here besig om met ander mense te werk, om hulle met sy Woord en Gees en liefde aan te raak wanneer ons ons werk in volle gehoorsaamheid aan die Here uitvoer.

Hoe lekker is dit tog nie vir ons om te weet dat ons in diens van die Here is en werk nie. Mettertyd het Moses ook hierdie lekkerkry-gevoel gekry. Die Here het hom, 'n moordenaar en skaapwagter, aangestel om hierdie belangrike werk te gaan doen. Begeester deur die Here se woorde is Moses saam met Sippora en sy kinders op pad Egipte toe. En dan gebeur daar iets wat ons laat vra: Maar wat nou? Waar Moses-hulle langs die pad oornag het, het die Here by hom gekom en wou Hy vir Moses doodmaak.

Waarom, Here? vra ons dadelik. U het nou al die moeite gedoen om Moses te oortuig dat Hy deur U uitverkies en voorberei is om hierdie wonderlike groot werk te gaan doen. U het hom bewaar toe hy 'n klein babatjie was en gesorg dat hy in die farao se paleis grootword. Al hierdie moeite en nou wil U hom doodmaak. Geliefdes, tot en met vers 24 weet ons nie hoekom die Here nou so maak nie, maar Moses en Sippora het presies geweet waarom die Here so dreigend voor Moses gestaan het. Moses se lewe is op die spel, want die Here wil wraak neem omdat Moses nalatig was in sy gehoorsaamheid aan die Here. Moses se tweede seun is nie besny nie, daarom wil die Here vir Moses doodmaak.

Geliefdes, om hierdie optrede van die Here te begryp en daaruit te leer, moet ons enkele opmerkings maak oor die besnydenis, en oor Sippora, en Moses se optrede.

Van die oomblik af dat die Here besluit het om sy volk uit Egipte te verlos, lees ons van die verbond van die Here (Eks 2:24). Ons weet dat die Here sy verbond met Abraham gesluit het; daarvan lees ons in Genesis 15 en 17. Die Here sê ook dit is 'n ewige verbond (Genesis 17:7 AFR53) wat deur Abraham en sy nageslag onderhou moet word. En die teken wat die Here gee van hierdie verbond, is die besnydenis. Elke seuntjie van agt dae oud moet besny word. En elkeen wat nie besny is nie, **moet van sy volksgenote afgesny word**, want **hy het** dan die **verbond** van die Here **verbreek** (Genesis 17:14 AFR83).

Iemand sal kan vra: Wat maak die besnydenis as verbondsteken so besonders? Wel, van die Here se kant af is die besnydenis die geskenk en verseëling van sy beloftes. Wanneer daardie klein seuntjie besny word, kan die ouers vir seker weet dat die Here se beloftes aan hulle kind ook waar en eg is. Die Here sal sy beloftes hou. En van die mens se kant af is die besnydenis die teken wat aandui watter mense deel het aan die beloftes van die Here. Wanneer die seun grootword en die teken van die besnydenis aan sy liggaam sien, dit verstaan en glo dat die Here dit vir hom persoonlik bedoel het, omhels hy die God van die verbond en eien die beloftes vir homself toe. Daarmee saam weet elkeen wat besny is dat hy ook opgeroep word om te lewe onder die genade en liefde van die Here. Hy moet dus so lewe dat sy lewe weerspieël dat hy ook aan die Here verbind is.

En die beloftes wat die Here dan verseël met die besnydenis? Ja, die beloftes is dié wat die Here aan Abraham gemaak het, naamlik dat Hy die mens persoonlik nuut sal maak, dat Hy hom 'n groot volk sal maak, dat hy by die Here geestelike sekuriteit sal vind en dat sy nageslag 'n land as eiendom sal ontvang.

Moses het geweet van hierdie bevel van die Here oor die besnydenis. Moses is self besny toe hy agt dae oud was. Toe Moses se oudste seun gebore is, het hy hom sekerlik ook op agt dae besny, soos die Here beveel het, want Moses het die Here liefgehad. En hy wou

hê dat sy seun ook, net soos hy en sy vrou, moet deel hê aan die heerlike beloftes van die Here.

Sippora was egter anders ingestel oor die besnydenis as Moses. Sy en haar pa het die besnydenis geken. Hulle is immers Midianiete wat afstam van Midian, hulle aartsvader, en Midian is een van Abraham se seuns wat hy by sy tweede vrou Ketura gehad het. Abraham het met Ketura getrou na die dood van Sara. En ons kan seker wees dat Abraham ook sy seuns by Ketura besny het omdat hy die Here liefgehad het en gehoorsaam het. Maar soos wat dit vandag ook gebeur dat mense die doop as verbondsteken anders wil verstaan as waarvoor die Here dit gegee het, het die nageslag van Midian ook die besnydenis anders verstaan as waarvoor die Here dit gegee het. Die kans is goed dat die Midianitiese seuntjies nie op agt dae besny is nie, maar eers later, moontlik toe hulle tieners was of selfs kort voordat hulle getrou het.

Daar is geen twyfel nie, geliefdes. Moses sou beslis teenkanting in sy huis beleef het toe hy sy oudste seun op agt dae besny het. En in plaas daarvan om weer dieselfde argumente te hoor en weer met 'n vrou en 'n skoonfamilie te sit wat jou kop wil afbyt, het hy eerder nagelaat om sy tweede seun ook op agt dae te besny. In plaas daarvan om die Here voluit te gehoorsaam, het Moses eerder probeer om sy vrou tevrede te stel. Maar sy nalatigheid ter wille van sy vrou was 'n teken dat hy die beloftes van die Here geringgeskat het en dat hy maar goedsmoeds by sy skoonfamilie se siening oor die besnydenis ingeval het.

As 'n mens dan nou moet sê waarom die Here so streng en dreigend voor Moses te staan gekom het, is dit om die volgende redes: 1) Moses het nie sy seun besny soos die Here voorgeskryf het nie; 2) Moses wou eerder sy vrou en skoonfamilie tevrede stel as om die Here te gehoorsaam, en 3) die Here maak nie leë dreigemente nie. As Hy gesê het dat iemand van sy volksgenote afgesny sal word omdat hy nie die besnydenis wil toepas soos die Here sê nie, sal dit gebeur. Die Here was daarom baie ernstig om vir Moses dood te maak.

Soos ons vroeër gesê het, broers, susters en kinders, Moses en Sippora het presies geweet waarom die Here so dreigend voor Moses gestaan het. En Sippora het geweet dat Moses se lewe op die spel is, daarom moes sy en Moses hulle bekeer en regmaak wat hulle nagelaat het, anders sou Moses sterf.

Ek wil my voorstel dat Moses homself stokstyf geskrik het toe hy besef dat hy deur die Here se hand gaan sterf. Daarom kon hyself nie sy seun besny het nie. Maar die Here het ook vir Moses buite aksie gestel sodat Sippora se bekering tot die Here ten opsigte van hierdie saak in haar eie dade sigbaar kon word. Daarom het sy die klipmes gevat en self haar seun besny en met die bebloede voorhuid aan Moses se voete geraak sodat hy deel kon wees van die bekering wat in dade sigbaar is.

Die bloed wat gevloei het toe Eliëser besny is en aan Moses se voete gekom het, het Moses se lewe gered. Toe Sippora sê: **Jy is nou my bruidegom wat deur bloed beskerm word** (Eksodus 4:25 AFR83), het die Here Moses met rus gelaat. Moses en Sippora het dit wat verkeerd was in hulle verhouding met die Here reggemaak en Moses kon bly lewe om die belangrike opdrag te gaan uitvoer.

Na die dood van Jesus Christus aan die kruis, is dit nie meer nodig dat seuntjies van agt dae oud besny moet word nie. Die bloed van Jesus was die laaste bloedoffer wat gebring moes word. Dit is immers net Jesus Christus se bloed wat ons sondes geheel en al van

ons kan afwas. Jesus is ons bloedbruidegom soos wat Sippora vir Moses genoem het. Ons word net deur Jesus Christus se bloed beskerm teen die oordeel van die Here.

Maar dit is ook in Jesus Christus dat ons raaksien hoe ontsagwekkend ons Here werklik is. As Hy gesê het dat Hy die sonde haat en dat Hy die sonde met die dood sal straf, bedoel Hy elke woord. Jesus Christus het vir ons sondes gesterf omdat sy Vader Hom in ons plek gestraf het. En die bloed wat aan Moses gekom het nadat Eliëser besny is, was 'n vooruitwys na die kosbare bloed van Jesus Christus waardeur die gelowiges in die Ou en Nuwe Testament gered word. Ons Here maak nie leë dreigemente nie.

Daarom moet ons versigtig wees om nie traak-my-nieagtig in ons verhouding met die Here te wees nie. Ons kan nie maar dink: Omdat die Here my vir hierdie of daardie belangrike taak uitgekies en voorberei het, ek nou maar selfvoldaan kan wees nie. Ek as predikant kan nie maar in my huis maak soos wat ek wil, maar buite my huis as predikant is ek gehoorsaam aan die wil van die Here nie. Nee, wat ek in my huis doen waar julle nie kan sien nie, moet ek ook aan die Here gehoorsaam wees.

En hoeveel keer hoor ons dit nie, geliefdes, dat grootmense sê hulle is geoorloof om sekere dinge te doen, maar die kinders mag dit nie doen nie. Dit is waar, daar is dinge wat net grootmense kan en mag doen wat reg is in die oë van die Here, wat kinders nog nie mag doen nie. En dit is nie omdat die kinders minder belangrik is vir die Here nie; dis maar net omdat die kinders nog nie die vermoë het om die verantwoordelikheid te dra nie. Wat ek bedoel is dit: Daar is grootmense wat dinge doen wat eintlik deur die Here verbied word, maar omdat hulle grootmense is, dink hulle hulle kan dit maar doen, terwyl die kinders dit nie mag doen nie. As ek of jy op hierdie pad begin loop en so maak met ons kinders, loop ons gevaar. Om grootmens te wees en om Christen te wees, is nie 'n vrypas om te maak soos wat ons wil nie. Ons kan nie die Here net soms gehoorsaam nie. Ons moet Hom altyd gehoorsaam.

Moses moes nie maar net die Israeliete uit Egipte gaan lei nie. Hy moes hulle ook die Here se wil leer en hulle leer om altyd aan die Here gehoorsaam te leef. Hoe sou hy hulle dit kon leer as hy nie self die Here in sy hele lewe en in sy huis voluit gehoorsaam nie.

Wat nou gemaak as ek en jy vanoggend agterkom dat ons ook net die meeste van die tyd aan die Here gehoorsaam is en nie altyd nie? Broer, suster en kind, dit is hoekom die Heilige Gees ons vanoggend hier bymekaargebring het. Hy wil ons laat hoor dat daar nog vergifnis en genade is. Jesus Christus is ons bloedbruidegom. Omdat ons weet dat die Here nie speel wanneer Hy dreig nie, lei die Heilige Gees ons na Jesus toe. Kom ons gaan bely ons hardkoppige eiewilligheid by Jesus en smee Hom om ons skoon te was met sy bloed en Gees. En jy sal beleef dat ons God 'n genadige en barmhartige God is. Hy vergewe graag die sondes van sy kinders wat hulle opreg bekeer en met hulle dade wys dat hulle die regte ding wil doen, dat hulle altyd aan die Here gehoorsaam wil wees.

**Amen!**

Slotgebed

Formulier vir die bediening van die doop aan kinders.

Psalm 105:5 (p. 515)

- 5 Die HEER wat van geen wankel weet nie, / sal nimmer sy verbond vergeet nie; al sy beloftes bly van krag / tot in die duisendste geslag.  
Verbond met Abraham, sy vrind, / bevestig Hy van kind tot kind.

Psalm 25:2, 6 (p. 115)

- 2 Leer my, HEER, u regte weë, / wys die regte pad my aan;  
maak my hart daartoe geneë, / om met lus daarop te gaan.  
Wil my deur u waarheid leer, / lei my dwalende gedagte;  
want u is my heil, o HEER! / U is ek altyd te wagte.
- 6 Wie's die man wat hier benede / in Gods vrees sy weg wil gaan?  
God sal self sy wank'le skrede / voortlei in die regte baan.  
Al wat goed is, sal Gods hand / hom in stilheid laat verwerwe;  
en die lank beloofde land / sal sy nageslag beërwe.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;  
Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;  
Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

**Amen.**

Ds Coen Vrey  
Gereformeerde Kerk Bellville  
29 Julie 2012